


Maart / March 2017

# SSK WENAKKER

NUUSBRIEF • NEWS LETTER

Johannes 15:5 "Ek is die wynstok, julle die lote. Wie in My bly, en Ek in hom, hy dra veel vrug: want sonder My kan julle niks doen nie"

# DIE 2016 GRAANSEISOEN

## "Werk Saam, Wen Saam"

Die meeste graanprodusente in die SSK gebied het die afgelope oesjaar afgesluit met een van beste oeste ooit. Gars- en koring opbrengste was veral uitsonderlik goed. Die gunstige reënval verspreiding tydens die graan se groeifase, 'n gematigde klimaat tydens die graan se rypwordingsproses, baie gunstige oesweer, goeie kultivars en wetenskaplike boerderytegnieke is alles faktore wat tot dié sukses bygedra het.

Geen ernstige kwaliteitsprobleme is ondervind nie en 96.0 % van alle gelewerde gars was as mout gegradeer. So ook was koringgrade goed en 59.55 % van gelewerde koring was B1 of B2 graad.

Ons is nederig dankbaar om te kan berig dat SSK se totale graanontvangste tot middel Februarie 2017 327,565 ton beloop.


Slegs SSK se Ashton en Herold silo's was in terme van besetting onderbenut. Andersins was silokapasiteitsbesetting heelwat meer as 100%.

Intussen is saadbestelling reeds geplaas en gemeet daaraan wil dit voorkom of produsente vol moed is vir die nuwe produksie-seisoen wat voorlê. Veral canola saadbestellings het skerp gestyg in die afgelope paar jaar.


Ons is saam met u opgewonde oor die 2017 produksie-seisoen.

*Henk de Beer:*
*(Hoofbestuurder: Bedrywe)*

### Lewerings per Depot (Ton)




### 2016/17 Ontvangstes (Ton)







# SSK BETAAL KORING- EN GARS OPGRADERINGS-AGTERSKOT AAN LEDE

SSK se Graanafdeling kan na afloop van 'n baie goeie jaar, 'n opgraderingsagterskot van R27.00 (uitgesluit BTW) per ton op koring-lewerings en R40.00 (uitgesluit BTW) per ton op moutgarslewerings aan lede uitbetaal.

Volledige besonderhede hieroor word deur middel van 'n omsendskrywe by SSK se Februarie 2017 maandstaat aangeheg.

Volgens Henk de Beer (Hoofbestuurder: Bedrywe), is dit 'n groot voorreg dat dié uitbetaling vir SSK lede moontlik is, so kort na die ineenstorting van die canola silo's op Swellendam in Desember 2015.

Personeel van die Graanafdeling kan met reg trots wees op die suksesvolle hantering van die onvoorsiene ramp. SSK is dankbaar oor die seën wat die organisasie in die afgelope jaar beleef het, asook die mate waarop die organisasie van hierdie geweldige terugslag kon herstel.

# OESNUUS UIT DIE LANGKLOOF

Volgens Marais Pienaar van JayDee Farms in Louterwater is daar 'n baie belowende appel- en peeroes in die Langkloofstreek in die vooruitsig. Dit is egter steeds baie droog en daar is produsente wat op hierdie stadium watertekorte ervaar. Daar was ongelukkig ook weer haelskade. Die oesproses is tans in volle swang en ons wens die Langklowers alles van die beste toe.



# SSK SOLAR: 'n BELEGGING IN DIE TOEKOMS

SSK Solar en die verskaffers, Specialized Solar Systems, het onlangs Fase 1 van 'n uitgebreide sonkragprojek by Van Greunen Boerdery suksesvol voltooi.

Die groot hoeveelheid energie wat gebruik word in die bloubessie verwerkingsproses en die jaarlikse Eskom verhogings het dié Boerdery genoodsaak om na alternatiewe energie-oplossings te kyk. Die kwaliteit en mooi voorkoms van die bloubessies is die resultaat van 'n gespesialiseerde proses wat behels dat die bloubessies gepluk, dadelik verkoel, sorteer, verder verkoel en daarna as vars produk uitgevoer word na markte in die Noordelike Halfrond. Die bloubessie pakhuis gebruik 'n aansienlike hoeveelheid elektrisiteit ten einde top kwaliteit bessies aan die markte te lewer.

Na 'n beplanningsproses met SSK Solar en Specialized Solar Systems is daar besluit om die projek uit te voer in drie fases wat uiteindelik aan die energie behoeftes van die bloubessie pakstoor sal voldoen. Fase 1, 'n 100kwp "grid tie" stelsel is pas suksesvol voltooi. Die stelsel het 5 weke geneem om te installeer en bestaan uit 330 x 305W panele en 4 x 27 k.v.a Fronius inverters. Dit is spesifiek so ontwerp dat daar in buite-seisoentye nie ekstra energie opgewek word nie, wat dus oorkapitalisering verhoed.

SSK Solar sien uit na Fase 2 en 3 van die projek wat na beraming 5 jaar na oprigting die kapitale uitgawe sal delg en na 25 jaar 'n besparing van 10 keer die aankoopprys te weeg behoort te bring. Vir meer inligting oor die waardetoevoeging van sonenergie skakel gerus vir Hector Odendaal van SSK Solar by 072 806 5669 of hodendaal@solar.ssk.co.za.





SSK se eerste groot sonkragprojek by Van Greunen Boerdery in die Geelhoutboomdistrik.
V.l.n.r Nelius van Greunen (Besturende Direkteur), Hannes Steenkamp (Algemene Bestuurder); Hector Odendaal (SSK SOLAR) en Willie Calitz (Pakstoor Bestuurder).



# WILLOWMORE JEUGSKOU

Chris Bresler by deelnemers aan die Veselbok Junior Skoumanklas kompetisie. SSK borg jaarliks dié kompetisie.

FOKUS OP SSK LEDE

# VAN GREUNEN BOERDERY:

## ONS GESELS TER PLAATSE MET NELIUS VAN GREUNEN

Van Greunen Boerdery boer aan die voet van die Outeniquaberge in Geelhoutboom naby George en die boerderyaktiwiteite strek oor ongeveer 3000ha. Dié boerdery se missie dateer al 30 jaar en lui: “Om ‘n dinamiese en gediversifiseerde boerdery-onderneming te bedryf tot voordeel van alle rolspelers, in harmonie met die omgewing, tot eer van ons Skepper”. Die vier Van Greunen broers Nelius, Johan, Bennie en Christie, wat saam met ‘n knap bestuurspan die onderneming bestuur, meet alles deurlopend aan dié missie.

Tydens my besoek, vroeg Januarie, is die wêreld hier lowergroen, maar dit was op daardie stadium in der waarheid ‘n “groen droogte”. Dit blyk duidelik uit my gesprek met Nelius van Greunen, Besturende Direkteur, dat die glas in dié geval nie half vol is nie, maar oorloop. **Hy is baie positief oor hul boerdery, asook die toekoms van landbou in Suid-Afrika.**

Die melkery is die anker van die gediversifiseerde onderneming, met bloubessies en aartappels as ander belangrike vertakkings. 14 Landboukundige bestuurders is deel van die bestuurspan en sien om na die operasionele aspekte, terwyl die 4 broers die onderneming oorhoofs bestuur. Elkeen van die broers is spesialiste in hul onderskeie vakgebiede en hul vaardighede is komplementerend tot die bereiking van die onderneming se doelwitte. Nelius beklemtoon dat die suksesvolle spanwerk te danke is aan die voorbeeld wat hulle oorlede ouers, wat albei ‘n sterk aanleg vir besigheid gehad het, gestel het. Die broers het gou bewys dat 4 broers in harmonie in dieselfde onderneming kan saamwerk. Streng sakebeginsels word gehandhaaf by die neem van belangrike besluite en elke broer het ‘n gelyke aandeel in die onderneming. **Almal het noue bande met die georganiseerde landbou en dien in verskillende hoedanighede daarin.**

Die beginsel van “diversifikasie verseker sukses” word streng toegepas. Wisselbou, gepaardgaande met wetenskaplike boerderymetodes, vorm die kern van ‘n omgewingsvriendelike en hulpbron-gefokusde werkswyse. Sodoende word die volhoubare benutting van die natuurlike hulpbronne verseker. Akkreditasies, soos Eurogap, LEAF, Nature’s Choice en SIZA verseker toegang tot keurmarkte in die buiteland. Nelius glo dat ‘n boer die grond beter moet agterlaat as dit waarmee hy begin het, anders benadeel hy die nageslag. Hy beskou landbou as ‘n edel beroep wat die grond en natuur benut om mense se heel basiese behoeftes te bevredig. Behalwe om kos te produseer is die landbou instrumenteel daarin om mense, veral in die platteland, se lewensomstandighede te verbeter. Daarmee saam erken hy die bedreigings wat kommersiële landbou in die gesig staar. Sy uitgangspunt is egter dat die beste hantering daarvan is om dit te erken en positief aan te pak met effektiewe optrede ten einde jou doelwitte te realiseer.

**Nelius is van mening dat die “Landbou moet aanhou om ‘n wesenlike bydrae te lewer om die lewensstandaard van die breë bevolking te verbeter en armoede te verlig, deur ekonomies volhoubaar te opereer en seker te maak dat die ekonomiese waarde van landbou ook bydra tot die lewenskwaliteit van al die mense daarby betrokke.”** Die boerdery fokus op die gemeenskap en definieer dit as volg: “Die gemeenskap is ons kliënte, ons werknemers, hul gesinne, en die inwoners in die omgewing. Die gemeenskap waarin Van Greunen Boerdery opereer is nie beperk tot Geelhoutboom en George nie, maar sluit die provinsie, Suid Afrika en die internasionale mark in. In kort, oral waar mense ons produkte koop en geniet”.

Volgens Nelius is SSK ‘n belangrike sake vennoot in die Van Greunen waardeketting en hy ervaar dat SSK se besigheidsfilosofieë hulle verwagtinge oortref. **“SSK se fokus is nie net bloot op marge nie, maar op waardetoevoeging tot die boer se besigheid”. Die SSK “werk saam, wen saam” beginsel word duidelik hier benut tot voordeel van die landbou.** Hy vertel hoe ‘n kennis van hom die SSK AgriLand handelswinkels besoek het tydens die afgelope vakansie en verbaas was oor die kwaliteit, verskeidenheid, beskikbaarheid en billikheid van voorraad wat volgens hom in die binneland moeilik bekombaar is.

By Van Greunen Boerdery staan waardes voorop en dit is sprekend van elkeen se doen en late met wie ek tydens my besoek te doen gekry het. Inderdaad ‘n voorreg om die nuwe jaar met so ‘n positiewe besoek in te lui.

*- Annelie van Wyk*



Die Van Greunen broers

## DIE KOPDOKTER, HENNING GERICKE, WAS DIE SPREKER TYDENS DIE RIVERSDAL SKOU MANNE ONTBYT.



V.l.n.r. Piet Uys, Erenst Pelser, Henning Gericke, Michael Dippenaar en Johannes Joubert.

# FOKUS OP: YOLANDA BARNARD

## (VERSEKERINGSADVISEUR: MOSSELBAAI)



### VERTEL VAN JOUSELF

Ek is oorspronklik van Namakwaland. My ouers het gedurende my hoërskool loopbaan na die Suid-Kaap verhuis waar ek gematrikuleer het aan die Hoërskool Punt. Na skool het ek 'n Nasionale Diploma in Bemarking behaal by die destydse Kaapse Technikon. Nadat ek my studies voltooi het, het ek teruggekeer na Mosselbaai. Dit was die beste besluit nog.

### WAT DOEN JY GRAAG?

Ek kom uit 'n baie sportiewe familie. My broer en ek is baie lief vir draf en ek is 'n ingeskrewe lid van Hartenbos Drawwers. Ek en my broer het onlangs Sydney plat gedraf toe ek by hom gaan kuier het "doer onder". Dit bly vir my die lekkerste manier om 'n nuwe plek te verken. As ek nie draf nie, lees ek graag outobiografieë van politieke en ekonomiese leiers.

### KORTLIKS JOU LOOPBAAN SOVER

Ek het in 1999 by Niel Terblans Makelaars in Mosselbaai begin werk as 'n leerling Makelaar. Later het ek ingeskakel by ON-Q Makelaars waar ek 12 jaar lank werksaam was as Makelaar. Gedurende hierdie tyd het ek baie waardevolle ondervinding opgedoen en my versekeringstudies aangepak en voltooi.

### HOE HET JY BY SSK BELAND?

Tuinroete Agri het in 2012 ON-Q Makelaars oorgeneem en ek en my jarelange kollega, Celia le Roux, het op 1 Augustus 2012 by TRA se Versekeringsafdeling begin werk. My ondervinding van landbouversekering het my veral hier goed te pas gekom. Ek beskou dit steeds as een van die grootste hoogtepunte in my loopbaan, veral omdat ek van kleins af 'n groot voorliefde vir die Koöperasie-wese gekoester het. By SSK gaan ons afdeling steeds van krag tot krag.

### WAT IS JOU GROOTSTE LOOPBAAN PRESTASIE TOT OP HEDE?

Ons kon ON-Q Makelaars suksesvol inkorporeer by TRA en kort daarna weer by SSK sonder om bestaande kliënte te verloor. Ons het trouens heelwat nuwes bygewen! Die afgelope paar jaar het ons SSK Versekering as 'n bekende en gerespekteerde naam in die versekeringskringe in die Mosselbaai-omgewing gevestig. Ek was ook bevoorreg om by 3 geleenthede deur die Versekeringsinstituut van Suid Afrika as een van hul top studente aangewys te word, asook om as Assosiaat te kon kwalifiseer in 2015.

### WAAR WIL JY JOUSELF EN SSK OOR 5 JAAR SIEN?

Ek wil steeds 'n Versekeringsadviseur wees wat op 'n positiewe wyse die reputasie van die versekeringsbedryf gestand doen, deur 'n daadwerklike verskil in kliënte se lewens te maak. SSK sal oor 5 jaar steeds 'n toonaangewende leier in die Suid-Afrikaanse Landboubedryf wees en die SSK Versekeringsafdeling sal as die nommer een keuse vir ons landbouers gevestig wees.

### WAT IS DIE BESTE RAAD WAT JY AL ONTVANG HET?

My voormalige werkgewer André van Vuuren het altyd gesê ek gaan op my pad met kliënte te doen kry wat baie meer as ek weet, selfs ook van my eie vakgebied, dus moet ek altyd nederig bly en myself nie begin slim hou nie!

### IETS VAN JOU WAT NIEMAND WEET NIE?

Ek was 'n SA Skopbokskampioen (en verder sal ek moontlik my geboortereg verruil vir Lemon Meringue).

## SWART EKONOMIESE BEMAGTIGING

SSK se nuutste SEB Telkaart is in Oktober 2016 uitgereik en 'n SEB erkenningsvlak 8 is vir die tweede keer behaal ingevolge die Agri-Sektorkode. Gegewe SSK se koöperatiewe formaat word unieke uitdagings ervaar, veral ten opsigte van elemente soos eienaarskap. Daar is egter reeds wesenlike vordering gemaak t.o.v. SSK se voldoening aan hierdie beginsels, terwyl ons met volgehoue toewyding poog om 'n daadwerklike verskil in die gemeenskappe waar ons sake bedryf, te maak.

SSK wil u versoek om ons te ondersteun in ons doelwit om voortdurend te verbeter op die SEB erkenningsvlak wat behaal is. Indien u bewus is van enige potensiële lede wat sal kan bydra tot die bereiking van hierdie doelwit, sal ons graag met hul wil skakel. Kontak asb in die verband vir mnre. Willem Burger by 028 514 8642 (e-pos wburger@ssk.co.za) of Koos van Zyl by 028 514 8703 (e-pos kvanzyl@ssk.co.za).

SSK
SENTRAAL-SUID
KOÖPERASIE • CO-OPERATIVE
BPK • LTD

## LANGDIENS ERKENNING

**25 JAAR:** Cecil Hartnick, Michael September

**20 JAAR:** Chris Bresler

**15 JAAR:** Isak Petersen, John Fredericks, Ronald Conradie

**10 JAAR:** Carika Hendriks, Ricardo Prins, Elvis Nombewu, Adri Verwey, Kenneth Lindsay, Ilse Rabie, Tiaan Terblanche, Stephan Matthee, Jan Philander, Adriaan Wilskut, Adam Galant.

# UIT CHRIS BRESLER SE BAKKIE



Chris Bresler (SSK Veldbemarker Karoo & Baviaanskloof)

Chris Bresler, die SSK Veldbemarker vir die Karoo en Baviaanskloof, vier in 2017 sy 20ste jaar diens in die koöperasie en ken sy bedieningsgebied soos die palm van sy hand. Hy is alombekend in die streek en staan altyd reg om te help met kundige advies waar hy kan.

Hy is 'n vreeslose ou, maar erken dat hy wel één bang haar op sy kop het - vir 'n koedoe langs die pad is hy so bang soos die duiwel vir 'n slypsteen! Die aard van sy werk vereis lang ure op die pad en hy het weliswaar al vele noue ontkomings met koedoes gehad. Hy vertel hoe hy en Diaan Oosthuizen (Junior Kredietbestuurder: Mosselbaai) onlangs op die Grootrivierpad meer as 70 koedoes vlak by die pad getel het. Die paaie in die streek wat berug is vir koedoes is hoeka volgens Chris die Steytlerville sementpad, Rietbron-, Fullerton- en die Aberdeen-Willowmore pad. "'n Man moet maar katvoet loop as daar 'n dam of suipplek of doringbome naby die pad is. Koedoes is ook lief daarvoor om kos te kom soek langs die pad in droogte tye".

Dit is so 15 jaar terug dat sy ergste vrees bewaarheid is. Chris vertel: "Ek was na 18:00 vanaf Aberdeen op pad, nadat ek eers 'n aflewering by Jan Lategan op die plaas gaan doen het. Net verby die "wonderboom" voor Willowmore, om 'n draaitjie, spring die koedoe reg voor my in. Ek kon nog briek trap en platval toe tref hy my skuins van voor aan die bestuurderskant. Dit was 'n nare gevoel... Toe ek weer opkom stamp ek my kop teen die dak wat laag ingeduik was. Ek kon darem my deur oopskop en uitklim, maar die koedoe was nêrens te sien nie. Die enigste teken dat hy daar was, was haarklossies daar waar die ruit en dak bymekaar kom. Ek loop nog so en soek na die "bogger" toe stop daar 'n karretjie met 'n oom en tannie in by my. Die oom het dadelik 'n lang mes tevoorskyn gebring waarmee hy die koedoe wou keelaf sny. Maar al die gesoekery het niks gehelp nie, want daai koedoe was weg lat hy vandág nog weg is".

*- Annelie van Wyk*

# SSK SAADPRYSE 2017

| | SAK-GROOTTE | PRYS PER SAK | PRYS PER KG |
|---|---|---|---|
| **KORING** | | | |
| SST 027 | 50 kg | R 345.00 | R 6.90 |
| SST 056 | 50 kg | R 345.00 | R 6.90 |
| SST 015 | 50 kg | R 345.00 | R 6.90 |
| SST 087 | 50 kg | R 345.00 | R 6.90 |
| SST 88 | 50 kg | R 345.00 | R 6.90 |
| SST 0127 | 50 kg | R 345.00 | R 6.90 |
| SST 0117 | 50 kg | R 345.00 | R 6.90 |
| SST 0147 | 50 kg | R 345.00 | R 6.90 |
| RATEL | 50 kg | R 425.00 | R 8.50 |
| KWARTEL | 50 kg | R 450.00 | R 9.00 |
| **GARS** | | | |
| SKG 9 | 50 kg | R 445.00 | R 8.90 |
| SVG 13 | 50 kg | R 265.00 | R 5.30 |
| S 9 | 50 kg | R 345.00 | R 6.90 |
| ERICA | 50 kg | R 345.00 | R 6.90 |
| S 12 | 50 kg | R 345.00 | R 6.90 |
| S 14 | 50 kg | R 345.00 | R 6.90 |
| **HAWER** | | | |
| PALLINUP | 50 kg | R 464.00 | R 9.28 |
| SSH 421 | 50 kg | R 315.00 | R 6.30 |
| SSH 405 | 50 kg | R 315.00 | R 6.30 |
| SAIA | 50 kg | R 350.00 | R 7.00 |
| SIMONSBERG | 50 kg | R 450.00 | R 9.00 |
| SSH 491 | 50 kg | R 315.00 | R 6.30 |
| **KOROG** | | | |
| US 2014 | 50 kg | R 344.50 | R 6.89 |
| AG-BEACON | 50 kg | R 420.00 | R 8.40 |
| **LUPIENE** | | | |
| MANDELUP | 50 kg | R 490.00 | R 9.80 |
| SSL 10 | 50 kg | R 405.00 | R 8.10 |
| **VOERERTE** | | | |
| SLOVAN | 25 kg | R 350.00 | R 14.00 |
| **CANOLA** | | | |
| 43 Y 85 | 20 kg | R 4 022.00 | R 201.10 |
| HYOLA 555 TT | 25 kg | R 7 035.00 | R 281.40 |
| AV - ZIRCON | 25 kg | R 1 950.00 | R 78.00 |
| AV - GARNET | 25 kg | R 2 850.00 | R 114.00 |
| HYOLA 575 CL | 25 kg | R 7 035.00 | R 281.40 |
| AGAMAX | 20 kg | R 4 600.00 | R 230.00 |
| 44 Y 84 | 20 kg | R 4 022.00 | R 201.10 |
| ATR-GEM | 25 kg | R 1 950.00 | R 78.00 |
| HYOLA 559 TT | 20 kg | R 6 160.00 | R 308.00 |
| HYOLA 50 | 25 kg | R 7 035.00 | R 281.40 |
| BELINDA | 10 kg | R 2 406.00 | R 240.60 |
| 44 Y 87 | 20 kg | R 4 930.00 | R 246.50 |
| 45 Y 88 | 20 kg | R 5 336.00 | R 266.80 |
| 44 Y 89 | 20 kg | R 6 126.00 | R 306.30 |
| HYOLA 577 CL | 20 kg | R 6 160.00 | R 308.00 |
| CB ATOMIC | 20 kg | R 5 100.00 | R 255.00 |

## SAADBEHANDELINGS

Die volgende standaard behandelings word onderskeidelik op Koring, Gars en Hawer gedoen.

Koring - Orius Beheer teen Stinkbrand en Losbrand
Gars - Redigo Beheer teen Bedekte brand en Losbrand
Hawer - Shavit Beheer teen Losbrand

Seedoprid Behandeling word op versoek van produsente op Koring, Gars en Hawer gedoen teen R65/50kg sakkie.

Galmano Behandeling word op versoek van produsente op Koring gedoen teen R149/50kg sakkie.

SEEDOPRID - BEHEER TEEN RUSSIESE PLANTLUIS
Beheer van Russiese Plantluis kan vir 8 tot 10 weke verwag word, afhangende van voldoende grondvogvlakke om die opname van **Imidaklopried** te bevorder.

GALMANO - BEHEER VAN VROTPOOITJIE EN BLAARROES
Onder normale omstandighede sal Galmano Blaarroes beheer vir n periode van ongeveer **8 weke na opkoms**.

Enige saadverwante navrae kan gerig word aan Gerdus Steyn: Saadafdelingsbestuurder by sel: 082 521 4515 of e-pos Gerdus.Steyn@ssk.co.za.

# SSK & SOFTLUTIONS: A WIN-WIN PARTNERSHIP

FOCUS ON SSK GROUP

Softlutions is a software development company, based in Somerset West and established approximately 6 years ago by SSK and Softlutions' Managing Director, Ben van Rensburg. SSK has had a 51% shareholding since its inception.

Ben van Rensburg developed FrameworX, which is a cutting edge application platform, tailor-made to solve organisation-specific software needs. It thus enables SSK's Information team to design, develop and deploy SSK specific solutions, not addressed by the original SAP BusinessOne ERP implementation. According to Jacques Buys, SSK's Senior Manager: Information, the secret of its success lies in its simplicity as well as the uniformity that makes it possible for all the different SSK divisions and functions to use the same platform.

The next niche application that was developed using FrameworX is aptly called GrainworX. This application enables the users to link and manage all grain related processes including contract- and stock management, grain receipt and –dispatch as well as stock postings, tariff charging and invoice creation. The beauty of this application entails that all processes are seamlessly integrated and is linked using the same user-friendly platform. As a result costs are kept to a minimum and administration is streamlined and simplified. Southern Oil (SOILL) also utilizes the FrameworX system, promoting group uniformity.

SSK's retail division is currently implementing nextPOS, a Point-of-Sale application also developed on FrameworX. It is a strategically critical system for any business and SSK is very excited about the dynamic software solutions that this new development brings about.

Ben van Rensburg is adamant that this is just the beginning of many new developments to come. The partnership between SSK and Softlutions is a prime example of "if you work together, you win together".

*- Annelie van Wyk*

Softlutions



Ben van Rensburg
(Managing Director: Softlutions)



## TOP 10 WYNE

**DER KELDERMEISTER SWELLENDAM**

1. **Van Loveren** Pinotage
2. **Bonnievale** Sushi
3. **Van Loveren** Sauvignon Blanc
4. **Excelsior** Merlot
5. **Excelsior** Sauvignon Blanc
6. **Excelsior** Purebred Red
7. **Bakenskop** Rooi Muskadel
8. **Beyerskloof** Pinotage
9. **Bonnievale** Merlot
10. **Bonnievale** Sauvignon Blanc

**DER KELDERMEISTER MOSSELBAAI & GEORGE EN PLETTENBERGBAAITAK**

1. **Jakkalsvlei** Rosé
2. **Bonnievale** Sushi
3. **Jakkalsvlei** Coffee Pinotage
4. **Villiersdorp** Hanepoot Jeripigo
5. **Boplaas** Sauvignon Blanc
6. **Van Loveren** Pinotage
7. **Leopard's Leap** Cabernet / Merlot
8. **Diemersdal** Sauvignon Blanc
9. **Landskap** Chenin Blanc
10. **Jakkalsvlei** Mount Cuvée




Boeretroos met lekker Eureka Mills beskuit smaak altyd vorentoe.

## REËNVAL IN STREKE

| | NOV '16 | DES '16 | JAN '17 |
|---|---|---|---|
| **Aberdeen:** | 3mm | 20mm | 60mm |
| **Albertinia:** | 4mm | 6mm | 4mm |
| **Ashton:** | 0mm | 3mm | 5mm |
| **Avontuur:** | 24mm | 9mm | 35mm |
| **George:** | 48mm | 56mm | 83mm |
| **Heidelberg:** | 27mm | 0mm | 50mm |
| **Herold:** | 13mm | 6mm | 31mm |
| **Joubertina:** | 8mm | 3mm | 31mm |
| **Karringmelks:** | 8mm | 0mm | 39mm |
| **Knysna:** | 31mm | 46mm | 121mm |
| **Misgund:** | 18mm | 32mm | 26mm |
| **Mosselbaai:** | 24mm | 10mm | 39mm |
| **Plettenbergbaai:** | 28mm | 21mm | 54mm |
| **Protem:** | 16mm | 13mm | 30mm |
| **Riversdal:** | 14mm | 12mm | 24mm |
| **Swellendam:** | 43mm | 17mm | 62mm |




# VOORGESTELDE* LOONKOERSE VIR PLAASWERKERS & HUISHULPE IN 2017

Die volgende voorgestelde minimum besoldiging vir Plaaswerkers moet gehandhaaf word:

| **Plaaswerker Sektor** | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 1 Maart 2017 tot 28 Februarie 2018 | Uurlikse Tarief R15,39 | Daaglikse Tarief R138,52 | Weeklikse Tarief R692,62 | Maandelikse Tarief R3001,13 |

Die volgende voorgestelde minimum besoldiging vir **Huiswerkers** (wat **meer as 27 uur per week** werk) moet gehandhaaf word:

| **AREA A** (Sluit onder andere George, Knysna, Kouga, Langeberg, Mosselbaai, Oudtshoorn, Karoo Hoogland, Plettenbergbaai en Swellendam in) | | | |
|---|---|---|---|
| 1 Desember 2016 tot 30 November 2017 | Uurlikse Tarief R12,42 | Weeklikse Tarief R559,09 | Maandelikse Tarief R2422,54 |

| **AREA B** (Areas nie bo vermeld) | | | |
|---|---|---|---|
| 1 Desember 2016 tot 30 November 2017 | Uurlikse Tarief R11,31 | Weeklikse Tarief R508,93 | Maandelikse Tarief R2205,16 |

Die volgende voorgestelde minimum besoldiging vir **Huiswerkers** (wat **27 uur of minder per week** werk) moet gehandhaaf word:

| **AREA A** (Sien bo vir areas) | | | |
|---|---|---|---|
| 1 Desember 2016 tot 30 November 2017 | Uurlikse Tarief R14,54 | Weeklikse Tarief R392,59 | Maandelikse Tarief R1701,06 |

| **AREA B** | | | |
|---|---|---|---|
| 1 Desember 2016 tot 30 November 2017 | Uurlikse Tarief R13,35 | Weeklikse Tarief R360,54 | Maandelikse Tarief R1562,21 |

* Die presiese syfer is egter nog nie bekragtig in 'n Staatskoerant nie.

# MENSE EN DINGE



Nico Cloete, Bestuurder Bemarking, het onlangs afgetree. Hy sal veral onthou word vir sy groot betrokkenheid by die "Look and Feel" projek wat by al die Handelstakke geloods is. Agter v.l.n.r. Annelie van Wyk, Gerda Geldenhuys, Jurie Geldenhuys en Elzaine Jansen. Middel v.l.n.r. Laetitia du Plessis, Grace Alley en Bettie van Eyk. Voor v.l.n.r. Nico Cloete en Marianne Maartens.




Mrs L Enzlin is congratulated by Willem Booysen, Branch Manager of AgriLand Knysna, on winning a Makita Impact Driver Drill.



SSK AgriLand Heidelberg was die trotse wenners van die beste waterpunt tydens die Witsand Vlakte Marathon. Amoritha Koen, Michael Lucas en Johan van Wyk het dié wen waterpunt op die dag beman.



Die Heidelberg Sakekamer het onlangs 'n Tuinbou kompetisie gereël en Nicolette Februarie was die gelukkige wenner van 'n R200 geskenkbewys wat AgriLand Heidelberg geborg het. Op die foto v.l.n.r. Louise Kluyts (Heidelberg Sakekamer), Tronel Oosthuizen (SSK), Nicolette Februarie (wenner), Ben Dell (Heidelberg Sakekamer) en Ria van Heerden (Heidelberg Toerismeburo).



Die spekbome blom soos selde tevore ten spyte van die droogte in die Willowmore distrik. Die foto is geneem op die plaas Redcliffe van Mannetjie Lotter, langs die Grootrivier.



Ons is saam met Andre en Annelisa Burger trots op hulle seun Ettién wat onlangs as spanlid van Eden se 0/21 span aan die Suid Afrikaanse Nasionale Rots & Strand Hengel Kampioenskappe deelgeneem het. Eden het die toernooi gewen en Ettién het algeheel 2de geeindig en is gekies vir die Protea 0/21 span, wat Suid-Afrika later in die jaar in Namibië gaan verteenwoordig.

## HEIDELBERG SKOU



**SSK Meganisasie uitstalling**




**Die SOILL uitstalling**

Redaksie: Annelie van Wyk | Tel: (044) 601 1200 | avwyk@tagri.co.za
RENAISSANCE DESIGN & PRINT STUDIO (044) 691 3764